


Prof. S.A. Strauss

# VOORWOORD

Dit is vir my 'n groot voorreg om namens die redaksie van *Acta Theologica* hierdie uitgawe aan Prof. Sybrand Strauss op te dra. Ek het hom in 1979 leer ken toe ek 'n Admissiestudent in my tweede jaar was en hy een van die studenteleraars van Kovsiekampus geword het. Op 'n later stadium het hy een van my dosente in die departement Dogmatiek geword en het ek die voorreg gehad om by hom lesings in Etiek te hê. Later, toe ek as dosent aan hierdie Fakulteit aangestel is, het ek die voorreg gehad om hom as kollega te hê.

Met hierdie uitgawe huldig die Fakulteit Teologie aan die Universiteit van die Vrystaat graag vir Prof. Sybrand Strauss vir die 23 jaar wat hy aan hierdie Fakulteit verbonde was en vir die belangrike bydrae wat hy tot hierdie Fakulteit gelewer het.

Al die akademiese bydraes in hierdie bundel is deur vakgenote van Prof. Strauss geskrywe. Hiermee wil hulle vir hom dankie sê vir die akademiese bydrae wat hy gelewer het.

Op die volgende bladsy verskyn 'n kort huldigingwoord deur Prof. Hermie van Zyl. Ek het ook vir Prof. Strauss gevra om 'n kort oorsig van sy lewe te skryf. Dit verskyn direk ná die huldigingswoord van Prof. Van Zyl.

Francois Tolmie
Redakteur: *Acta Theologica*